

31 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 16

Fokusgedeelte: Psalm 16:7

Die Here leer my hoe om te lewe

Dawid het in sy nadenke oor sy lewe nie net ontdek dat hy aan die Here behoort en dat Hy hom bewaar en versorg nie. Nee, hy het ook ontdek die Here leer hom hoe om te lewe. Dit blyk uit vers 7: “Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.”

Dawid het hier op 'n verrassende wyse ontdek dat dit die Here is wat koers en rigting gee aan sy lewe. In die nag as hy wakker lê, lei die Here sy gedagtes en bring Hy hom tot die regte insig. Hoe nodig het ek en jy dit nie ook om weer by vernuwing te besef dat net God ons deur sy Gees en Woord tot die regte insig kan bring nie! Dit is net Hy wat ons op die regte pad kan lei.

Hoe dikwels kom maak die Here nie ook bemoeienis met my as ek in die nag op my bed lê en die slaap nie wil kom nie! Hy is daar wanneer ek groot en gewigtige besluite moet neem. Dan moet ek luister na die Gees wat in my hart is en wat my deur die Woord op die regte pad wil lei. Sonder God is my lewe koersloos, maar met God is ek op die regte pad. Dit is te begrype dat Dawid ook sê, “daar is vir my niks goeds nie behalwe by U.” Laat die Here jou lei en jy sal nie struikel nie. Luister na Hom en jy sal onder alle omstandighede die regte besluite neem. Die Here leer jou hoe om reg te lewe.

Sing: Psalm 25:2 Ds EJ Smit (Emeritus)